Die koninkryk kom deur kwesbare diens

Om onsself leeg te maak ter wille van nuwe gemeenskap – 'n kenosis-teologie



Frederick Marais *is 'n gemeentekonsultant by Communitas in die Wes-en-Suid-Kaaplandse Sinode.*

In Filippense 2:5-6 moedig Paulus gelowiges aan om soos Christus hulleself te ontledig (die Grieke woord is *kenosis*).

Ek dink hierdie ontlediging is 'n baie belangrike perspektief in die gesprek oor dienslewering. Dienslewering sonder *kenosis*, sonder ontlediging, kan baie maklik die prooi van ideale soos selfverwesenliking, selfvervulling en singewing word. As ons nie in dienslewering deur 'n proses van ontlediging gaan nie, bly óns – óns denke, óns motiewe, óns strewes – altyd die verwysingspunt.

Ek dink dit is waarna Michael Welker in sy boek oor die Gees[1] verwys. Die Gees beweeg ons vanaf 'n lewe waar ek of ons die verwysingspunt is (hy noem dit "to be self-referential"), na 'n selflose lewe, 'n lewe waar ander se behoeftes die vertrekpunt is.

Dit is iets wat vir ons as moderne mense en gelowiges, wat na self-verwesenliking streef, 'n haas onverstaanbare begrip is, omdat ons so gefassineer is deur die self en die verwesenliking daarvan. In die kern van dienslewering, in navolging van Christus, gaan dit egter nie oor self-*verwesenliking* nie, maar oor self-*ontlediging*.

Paulus het verstaan dat kenosis nie kennis behels nie, maar 'n gesindheid, 'n ingesteldheid, 'n houding, selfs 'n soeke, ja, eintlik 'n lewensreis. Kenosis vra vir 'n kritiese reis na binne, 'n reis van bewuswording, 'n reis deur die blindekolle van ons diepste oortuigings en vertrekpunte waarvan ons meestal nie eers bewus is nie. Dit is 'n proses waarin ons standpuntinnames, ideale en strewes kan loslaat.

Paulus praat in Filippense 3 baie prakties hieroor, oor hoe hy homself losgemaak het van die kulturele en godsdienstige posisies waarop hy hom kon beroem: "... van geboorte 'n Israeliet, uit die stam van Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër …." (Fil 3:3-5).

Let op dat dit meer is as om *ván* jouself te gee – jou geld, jou goed, jou tyd, jou kennis. Dit is 'n proses waarin jy *jou sélf* gee, *jouself* ontledig, sodat jy Christus en die krag van sy opstanding kan ken en deel kan hê aan sy lyding (v 10).

Hoe raak die kerk MIV-positief?

As gemeentes in Afrika met sosiale vraagstukke soos armoede, MIV en vigs, huishoudelike geweld, rassisme en onderdrukking van vroue gekonfronteer word en hulle geroepe voel om "diens" aan slagoffers hiervan te lewer, is die vraag wat die kenosis-gesindheid sou vra. Iets soos: "*Wat sou gebeur as ons nie net ván onsself gee nie, maar onsself ontledig?*

Die vraag is byvoorbeeld nie hoe kan die kerk MIV-positiewe mense help nie, maar by wyse van spreek, *hoe ráák die kerk MIV-positief?*

Die kenosis-vraag is dus nie eerstens 'n vraag na die oplossing vir die probleem nie, maar 'n vraag na die self-identifikasie daarmee.

Daar word vertel dat in die Tweede Wêreldoorlog die vervolging van die Jode in Denemarke anders verloop het as in ander Europese lande. Toe die Duitsers aangedring het daarop dat die Jode almal die Dawid-ster moes dra, het Koning Christian die Tiende van Denemarke daarop reageer deur die eerste een te wees om 'n ster te dra. Hy het sy volk opgeroep om almal die Dawidster te dra. Hy het só vir die Duitsers dit byna onmoontlik gemaak om die Jode te identifiseer!

Kenosis is dus die teenoorgestelde as selfhandhawing en selfvervulling. Dit is 'n gesindheid om ter wille van die ander, of in die plek van die ander, te gaan staan en leef – soos wat Christus mens geword het, slaaf geword het en in ons plek gesterf het, om só 'n nuwe gemeenskap met God moontlik te maak.

Die basis vir 'n nuwe koinonia

Kenosis of selfontlediging skep die basis vir 'n nuwe koinonia. Self-ontlediging kan nie van offergawe en selfs vernedering losgemaak word nie.

Christus het Homself verneder en die slaaf geword van hulle wat gered moes word. Lesslie Newbigin maak die kenosis-beginsel prakties deur dialoog te voer met hulle wat buite die kerk of van ander gelowe is[2].

In hierdie gesprekke, sê hy, moet ons onsself ontledig van al ons antwoorde en voorveronderstellings om werklik met die ander in dialoog te kan gaan.

Selfontlediging kan ons dus nie op ons eie doen nie. Dit gebeur alleen in 'n proses wat in gemeenskap met ander plaasvind. Dit is juis in gemeenskap met ander wat ons ons eie voorveronderstellings en vooroordele werklik begin verstaan. In die soektog na ware gemeenskap, ontbloot ons hierdie pynlike proses van selfgerigtheid en selfregverdiging en lê dit af. Terselfdertyd is dit ook 'n wonderlike, bevrydende proses. Dit is in dié proses dat die moontlikheid van 'n nuwe gemeenskap gebeur.

Dit is byvoorbeeld waar van die vestiging van gemeenskap tussen verskillende generasies. Generasies kan mekaar nie hoor of verstaan as hulle nie bereid is om vanuit mekaar se voorveronderstellings na sake te kyk nie. Om dit te kan doen, moet ons ons

1 Michael Welker. **God the Spirit,** Fortress Press, 1994

2 Lesslie Newbigin. **The Open Secret,** Eerdmans, 1995

ontledig van ons eie spreekreg, ons magsposisies en selfs ons teologie. Met die opskorting van hulle eie kriteria, gun generasies mekaar die ruimte om werklik hulleself te kan wees.

Christus het immers nie van ons verwag om soos Hy te word voordat Hy nie eers soos ons geword het nie. Dit is hier waar kenosis, in sy diepste betekenis, 'n "diens"-teologie verteenwoordig. Dit is selfontlediging ter wille van die skepping van gemeenskap met diegene na wie toe die Here ons stuur, sodat ons Christus in sy diens kan navolg.

Nuwe selfverstaan van leierskap

Die kenosis-aard van Christus se menswording en bediening daag ons uit om op verskillende maniere nuut oor leierskap te dink. Paulus se oproep tot dieselfde gesindheid as Christus (Fil 2:5-6) vra eintlik dat ons leierskap in die kerk eerder as volgelingskap sal verstaan. Dié uitdaging is op verskillende vlakke.

- In die eerste plek is ons uitdaging om te verstaan dat leierskap nie die "evangelie" van selfverwesenliking onderskryf nie. Die verheerliking van die self en selfverwesenliking is so 'n sentrale motief in hedendaagse leierskapsteorieë dat ons moeilik daaraan ontkom. Selfs leierskapsteorieë wat dienslewering sentraal stel, ontsnap moeilik daaraan. So ook baie missionêre en barmhartigheidsideale.

  Andrew Purves gee in sy boek, *The Crucifixion of Ministry. Surrendering our ambitions to the service of Christ*[3], 'n aanduiding van hoe leierskap in gemeentes van selfverwesenliking kan wegbeweeg.

  "*We do not mediate Jesus Christ. We do not make Him effective, relevant or practical. Neither do we raise the dead, heal the sick or forgive the sinners ... here is the issue:* ***Our ministries are not redemptive****. Only Christ's ministry is redemptive. If we stand in the way, focusing on our ministries, we have to be shoved out of the way*."[4]
- Gewoonlik word **dienende leierskap** as die populêre teenpool van selfgerigte leierskap gesien. Ek dink dit is duidelik dat ons, as navolgers van Christus, verder moet gaan en 'n eie inhoud aan die diakonale teorie van leierskap gee. Dienende leierskap is nie noodwendig kenosis nie. In dienslewering kan ons so maklik steeds vanuit 'n posisie van mag, kennis, geloof en middele funksioneer. Van Christus was dit waar dat Hy hom ook ontledig het van hierdie "mags-middele" sodat Hy in solidariteit met ons kon kom.

  Op 'n baie subtiele manier kan ons behoefte om diens te lewer aan hulle wat "minder" as ons het, eintlik 'n bevestiging van ons "mag" oor ander wees. Sonder kenosis, stig dienslewering nie noodwendig nuwe gemeenskap nie, maar bevestig dit eerder die breuklyne in ons gemeenskap.
- **Dialoog:** Dikwels word dialoog verhef tot dié missionêre tegniek om gesprek met die "ander" te voer. Daarmee word dan bedoel dat ek nie as meerdere in gesprek tree met die ander nie, maar as gelyke.

  Dit is op die oog af prysenswaardig, maar nie al die pad eerlik nie. In die missionêre gesprek weet ons by voorbaat ons voer nie dialoog ter wille van dialoog nie, maar ter wille van die herstel van die gebroke gemeenskap waarin die evangelie geleer en geleef kan word. Die kenosis-gesindheid gaan verder as tegnieke en gewoontes, dit is 'n leefstyl van ontlediging teenoor die ander.
- **Kenosis-leierskap** is 'n leierskap wat Christus tot in sy *kwesbaarheid* volg. Om gestroop te wees van sy goddelikheid, het beteken dat Christus aan die genade van die Joodse gemeenskap uitgelewer was.

  Kenosis-leierskap waag dit om kwesbaar te leef deur ontlediging van alle vorme van mag. Jesus Christus, as God, ontledig homself en word 'n kwesbare, eindige mens (Fil 2:6). As kwesbare mens word Hy 'n slaaf in diens van ander (2:7). As slaaf sterf Hy in gehoorsaamheid aan die kruis ter wille van ander – in magteloosheid (2:8).

  Wanneer Christus byvoorbeeld die 72 van Lukas 10 uitstuur, word hulle beveel om sonder 'n beurs, reissak of ekstra skoene op reis te gaan (10:4). Daarmee word hulle uitgelewer aan die gasvryheid van diegene wat hulle ontvang. Daarom voorspel Christus dat hulle soos *lammers tussen wolwe* sal wees. Hulle word wel gestuur om die koninkryk (10:9-11) aan te kondig, maar nie om te heers nie, want dit is 'n vredesryk.

  Selfontledigende dienslewering is dus méér as om berekende, politieskorrekte diens ter wille van die goeie beeld van die gemeente te lewer. In selfontlediging maak ons onsself kwesbaar in ons afhanklikheid van hulle na wie ons gestuur word. Dit is as gevolg van hierdie kwesbaarheid dat nuwe koinonia moontlik word. Die gestuurdes van Lukas 10 moes in dieselfde huis bly en "eet en drink wat vir hulle voorgesit word ..." (10:7-8).

Kenosis-dienslewering is nie daarop uit om mense te vorm sodat hulle soos "ons" sal wees nie, maar om ons leeg te maak van onsself *deur soos* ***hulle*** *te word*.

Vir gemeentes van hoofstroomkerke is dit 'n groot uitdaging: Om onsself weg te gee ter wille van die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe wat anders as ons mag lyk, leef, glo en nie aan ons "behoort" nie.

Praktiese implikasies van kenosis vir dienslewering

- Ons moet aanvaar dat die gesindheid van selfhandhawing en -regverdiging, wat 'n selfregverdigende Christendomteologie ons geleer het en die heersende kultuur van selfhandhawing van soveel eeue in ons gevorm het, baie diep in die selfverstaan van ons as individue en gemeentes is.

  Dit mag wees dat ons dit moeilik vind om onsself in kenosisgemeenskap in te dink, omdat ons dit nie ken nie of nog nooit gesien het nie. Dit is egter belangrik dat ons leiers eerlike gesprekke hieroor sal hê, anders sal ons gevangenes bly van hierdie kwasi-evangelie van selfhandhawing.
- Die vergissing van die teologie van selfhandhawing sal eenvoudig doelbewus afgelê moet word. Ons hoef nie hiervoor terug te deins nie. Die Gees sal ons lei na wat Michael Welker 'n gesindheid van "selflessness" noem.

  In dié proses beweeg die Gees ons in die eerste plek weg van 'n definisie van ons selfverstaan wat ons in onsself vind.

  Wees op die uitkyk daarvoor dat die gesprek in die gemeente nie eerstens by óns begin nie, maar by Gód en by getuienisse hoedat God buite die gemeente besig is om die koninkryk te laat kom.
- As kenosis 'n gesindheid is van selfontlediging, is dit duidelik dat dit 'n gesindheid is wat ingeoefen moet word, beginnende by hulle wat die mag in die gemeente het.

  Begin met eenvoudige gewoontes om mag en geld weg te gee. Maar gaan dan verder, en begin om vaste voorveronderstellings en vaste persepsies oor mense op te skort en só ruimte te maak vir nuwe gesprekke en nuwe gemeenskap. Moenie die dissipline van stilte en afsondering in dié proses verontagsaam nie.

3 Adrew Purves. **The Crucifixion of Ministry,** IVP Books, 2007
4 Purves, 73